# Hillcrest High School

Graad 11

# AFRIKAANS EAT VRAESTEL 1

NOVEMBER 2024

**PUNTE:** 80

**TYD: 2 uur**

**EKSAMINATOR:** Mev. L. Middleton

**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

**<u>INSTRUKSIES EN INLIGTING.</u>**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Leesbegrip** | **(30)** |
| **Afdeling B : Opsomming** | **(10)** |
| **Afdeling C : Taal** | **(40)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Beantwoord <u>AL</u> die vrae**

4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**

5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**

   **Me. Strydom, Middleton, Henderson, Wessels of Papé**

6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

7. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**

8. **Skryf netjies en leesbaar.**

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die onderstaande artikel goed deur en beantwoord die vrae wat volg.

**Teks A**

# Van koshuiskamer tot koffiewinkel

18 Mei 2024
Elisma van der Watt


Lara Jordaan (Foto: verskaf)

1. Lara Jordaan van Worcester in die Wes-Kaap het nog altyd ‘n passie vir kosmaak gehad. Sy sou egter nooit kon droom dat haar onderneming om yskoffies, smoothies en melkskommels uit haar hoërskool koshuiskamer te verkoop, die eerste stap sou wees om haar eie koffiewinkel net ‘n paar jaar later oop te maak nie.

2. Lara’s Coffee Shop in Worcester is ‘n gewilde bestemming vir inwoners en toeriste. Hier luister sy graag na mense se staaltjies oor hoe ver hulle gereis het om by dié eiesoortige koffiewinkel te kom kuier, terwyl hulle aan ‘n verskeidenheid varsgebak knibbel.

3. Die 23-jarige sakevrou se belangstelling in besigheid en passie vir bak het reeds op ‘n jong ouderdom begin en sy het nog altyd daarvan gedroom om haar eie restaurant oop te maak.

4. “Op hoërskool het ek sommer gebruik gemaak van ‘n goedkoop menger en later ‘n groter verskeidenheid drankies begin maak. Ek was vas oortuig dat my passie vir enterpreneurswese daar begin het,” vertel sy tong in kies.

5. Na skool het sy ‘n diploma in restaurantbestuur aan die Private Hotel School in Stellenbosch verwerf en haar prakties voltooi by die Lanzerac-wynlandgoed in Stellenbosch.

6. Dit het haar egter nie lank geneem om te besef haar belangstelling lê egter agter die koffiemasjien nie. Sy was so gefassineer met die verskeidenheid koffietegnieke wat sy op elke brousel kon toepas, dat sy in haar vrye tyd nuwe tegnieke deur middel van YouTube-video’s aangeleer het.

7. Jordan erken dat sy nog altyd ‘n droom en visie vir haar eie koffiewinkel gehad het. “My familie het die potensiaal raakgesien en my gehelp om die mobiele koffiewinkel te befonds. Soos ek begin wins maak het, het ek my ouers stelselmatig begin terugbetaal.”

8. Sy sê dit het aanvanklik maar broekskeur gegaan met die mobiele koffiewinkel en sy het menigte kere dit sterk oorweeg om tou op te gooi. Toe sy egter haar voet in die deur kry om oor naweke by funksies en sportgeleenthede koffie te verkoop, was haar kop deur. Sy het selfs koffie bedien op die akteurspaartjie, Bennie Fourie en Mila Guy se troue in April verlede jaar.




Lara’s Coffee Bar, haar mobiele koffiewinkel
(Foto: Verskaf)



Sy het selfs koffie bedien op die akteurspaartjie Bennie Fourie en Mila Guy se troue in April verlede jaar. (Foto: verskaf)

9. Danksy die wins wat sy met die mobiele koffiewinkel gemaak het, kon sy verlede jaar ‘n volwaardige koffiewinkel oopmaak.

10. “As ek by Lara’s instap, voel ek veilig en gelukkig. Jy ruik van koffiebone tot varsgebak. Ek wil graag hê dat dit vir almal ‘n plek kan wees waar hulle kan kom ontspan en tuis voel.”

11. Haar raad aan opkomende entrepreneurs is om nooit jou droom uit die oog te verloor nie.

Bron: https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/van-koshuiskamer-tot-koffiewinkel/

**LET WEL:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1. Watter woord in die eerste paragraaf beskryf hoe Lara oor kosmaak voel? (1)

1.2. Haal 2 opeenvolgende woorde aan wat aandui waar Lara eers begin besigheid doen het. (1)

1.3. Lara se koffiewinkel is in Stellenbosch.

Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.4. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die LETTER neer.

As jy saam met Lara in die koshuis was en 'n dosis kafeïen nodig gehad het, watter drankie sou jy by haar bestel het?

A. Yskoffie
B. Smoothie
C. Melkskommel (1)

1.5. Hoe weet jy dat dit nie dekades vir Lara geneem het om haar eie koffiewinkel oop te maak nie? (1)

1.6. Noem 2 groepe mense wat Lara's Coffee Shop besoek. (2)

1.7. Lara luister graag na mense se staaltjies. (paragraaf 2)

Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Lara hou daarvan om na mense se (klagtes / stories) te luister. (1)

1.8. Watter woord in paragraaf 2 beteken min of meer DIESELFDE as: eet? (1)

1.9. Wat was volgens die teks, van 'n jong ouderdom, Lara se doel in die lewe? (1)

1.10. Lara wou net 'n een of twee tipes drankies maak.

1.10.1 Stem jy saam met die stelling? Ja/Nee?

1.10.2. Haal aan om jou antwoord te motiveer (1)

1.11. Wat het Lara na skool studeer? Haal 4 opeenvolgende woorde as antwooord aan. (1)

1.12. In die teks lees ons van verskeie plekname.

Kies die pleknaam in KOLOM A wat by die beskrywing in KOLOM B pas. Skryf net die letter langs die vraagnommer neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.12.1. Private Hotel School | A. Lara se volwaardige koffiewinkel |
| 1.12.2. LARA's Coffee Bar | B. Lara se hoërskool se naam |
| 1.12.3. Lanzerac-wynlandgoed | C. Naskoolse studie-instansie |
| 1.12.4. Lara's Coffee Shop | D. 'n Bekende wynplaas in Stellenbosch. |
| | E. Lara se mobiele koffiewinkel |

(4)

1.13. Hoekom het Lara se familie besluit om haar finansieel te help om haar mobiele koffiewinkel te begin? (1)

1.14. Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken as Lara in paragraaf 8 sê dat dit aan die begin "maar broekskeur" gegaan het met haar mobiele koffiewinkel. (1)

1.15. Watter woord in paragraaf 9 dui aan dat Lara se mobiele koffiewinkel 'n profyt begin maak het? (1)

1.16. Lara het die geld wat haar familie vir haar geleen het alles op een slag terugbetaal.

Die stelling is ONWAAR.

Haal aan om dit te bewys. (1)

1.17. In paragraaf 8 sê Lara dat sy dikwels daaraan gedink het "om tou op te gooi."

Wat beteken dit? Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Skryf slegs die antwoord neer.

Dit beteken dat sy gedink het om ( aan te hou probeer / om op te hou probeer). (1)


1.18. Noem twee plekke waar Lara oor naweke koffie uit haar mobiele koffiewinkel verkoop het. (2)

1.19. Watter werk doen Bennie Fourie en Mila Guy? (1)

(24)

**TEKS B:**

Bestudeer die weerkaart hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




[Eie teks]

1.20. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf net die woord neer.

Hierdie kaart (voorspel / naspel) die weer vir 25 Oktober 2022. (1)

1.21. Hoekom sal dit nie 'n goeie idee wees om 'n pieniek in Kaapstad te beplan nie? (1)

1.22. Daar is een stad op die kaart wat nie deel is van Suid-Afrika nie. Noem die stad. (1)

1.23. Die volgende stelling is WAAR.

Dit is 'n mooi dag in Bloemfontein.

Motiveer waarom hierdie stelling waar is. (1)

1.24. Hoe kan 'n weerkaart jou help om jou dag te beplan? (1)

1.25. Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Upington lê (noord / oos) van George. (1)

(6)

Totaal vir afdeling A: 30

**AFDELING B: OPSOMMING**

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

**Leer ‘n kind hoe om geldslim te wees**

**INSTRUKSIES**

1. Som SEWE maniere om jou kind geldslim te maak in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die feite puntsgewys neer.
3. Nommer die feite van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die korrekte getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

**TEKS C**

**LEER ‘n KIND OM GELDSLIM TE WEES**

Geld groei nie op ‘n mens se rug nie. Maar hoe kan ons kinders geleer word om geldslim te wees?

Kry vir ‘n kind ‘n spaarvarkie sodat hy vir ‘n spesifieke item kan spaar. As dit deurskynend is, kan hy sien hoe die geld meer word en hoe nader hy aan sy doel is. Indien hy nie iets wil koop nie, neem hom en sy spaarvarkie na die bank en maak ‘n rekening oop. Dit help hom om meer te leer en ook hoe sy geld deur die rente kan groei.

Ouer mense moet ‘n voorbeeld wees van hoe om met geld te werk. Kinders leer deur na hulle te kyk en hulle geldgewoontes na te aap. Kinders sien dat ouer mense rekeninge betaal en aankope doen deur elektroniese transaksies. Gee die kind geld sodat hy kan sien hoe geld minder word wanneer hy iets koop.

Leer die kind ook die verskil tussen iets wat hy nodig het en iets wat hy net wil hê. Soms sal die kind swak besluite neem; hoe moeilik ookal, hy moet uit sy foute leer. Die kind moet leer hoe om pryse met mekaar te vergelyk en nie net die eerste ding te koop wat hy sien nie. Hy moet ook na advertensies kyk om te sien watter item die goedkoopste is. Daarmee saam moet jy hom leer wat die verskil tussen kwaliteit van items is wat jy koop. Hy moet weet dat iets wat goedkoop is, nie altyd die beste is nie. Hy moet eerder meer geld aan ‘n beter item spandeer.

(Aangepas uit: https://bit.ly/3argsom)

Totaal afdeling B: 10

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie (Teks D) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**




(Verwerk uit Huisgenoot, 29 Julie 2021)

3.1. In die middel van hierdie advertensie sien ons ‘n prent van ‘n ‘computer’. Gee die Afrikaanse woord vir ‘n ‘computer’. (1)

3.2. Kyk na die sin: “Hier’s hulp vir die matriekeksamen!”.

Noem twee tegnieke wat die adverteerder gebruik het om die sin te beklemtoon. (2)

3.3. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die LETTER neer.

Die woorde “vir matrieks wat **in koue sweet uitslaan**” sê vir ons dat die matrieks...

A. siek geword het.
B. hard oefen.
C. warm kry.
D. bang is. (1)

3.4. Gee die KORREKTE Afrikaans vir die onderstreepte woord in die sin hieronder.

Jou merke gaan beslis met 10% verbeter. (1)

3.5. Hoekom kan ons sê dat die een emoji gelukkig is, terwyl die ander emoji ongelukkig is? (1)

3.6. Hoekom sal matrieks nie hulp vir ál hulle vakke kan kry nie? (1)

3.7. Waarom gebruik die adverteerder die VOORNAAMWOORDE “jy en “jou”in hierdie advertensie? (1)

3.8. Hoe pas die foto van die meisie by hierdie advertensie? (1)

3.9. Kies die KORREKTE woord uit dié tussen hakies.


As jy Huisgenoot se 100 matriekvrae gedoen het, sal jy jou werk goed (ken/weet). (1)

**(10)**

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die spotprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

TEKS E




Spotprent 15 Julie 2024

4.1. Wat noem ons die amptelike rugbyspan van Suid-Afrika? (1)

4.2. Skryf die sin hieronder in die INDIREKTE REDE.

Die Ier sê: "Ons het met een punt gewen."

**Begin só**: Die Ier sê... (1)

4.3. Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en woord neer.

Die dier wat onder die pale sit, se (beklemtoon/liggaamstaal) dui aan dat hy baie moeg is. (1)

4.4. Gee die VERGROTENDE TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.

Die Suid-Afrikaanse spelers was (moeg) as die Ierse spelers. (1)

4.5. Hoe weet ons dat die Ierse toeskouer in die spotprent hardloop? (1)

4.6. Die Ierse toeskouer in die spotprent het sy wysvingers in die lug.

Waarvan is dit ‘n teken? (1)

4.7. Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die LETTER neer.

“Ierland het ‘n punt bewys” beteken dat:

A. Ierland met een punt gewen het.
B. Ierland met een punt verloor het.
C. Ierland het bewys dat die SA rugbyspelers beter is as hulle.
D. Ierland het bewys dat hulle die beste span in die wêreld kon klop. (1)

4.8. Skryf die volgende sin oor in die LYDENDE VORM.

Die Ierse toeskouers sal die oorwinning vier. (1)

4.9. Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Bewys jou punt! (1)

4.10 Verbind die sinne hieronder met die VOEGWOORD tussen hakies.

Die Ierse rugbyspan het gewen. Hulle is ook moeg. (tog) (1)

**(10)**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel (Teks F) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**5.1.** Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F: ARTIKEL**

**TWEE SUSTERS WERK SAAM**

Vir twee susters van (5.1.1) (kaapstad) was die lewe nie so maklik nie. Lisa (19) en Anathi (5.1.2) (18) Booysen is ‘n bewys van aanhou en uithou.

(5.1.3) (‘n/Die) jaar gelede het hulle besluit om ‘n besigheid te begin. Anathi se aansoek om ‘n beurs om vir haar studies te betaal, was (5.1.4) (suksesvol). Hulle moes self vir hulle studies betaal en wou werk skep vir (5.1.5) werkloos mense in hulle gemeenskap.

Toe die twee susters jonk was, moes hulle altyd die huis se vensters (5.1.6) (skoon) maak. Hulle weet ander mense (5.1.7) (hou daarvan om vensters te was). (5.1.8) Toe maak hulle ‘n plan. (5.1.9) (Hulle lewer ‘n skoonmaakdiens)

Aan die begin het hulle van huis tot huis geloop (5.1.10) (hulle diens adverteer) Nou kontak mense die susters wanneer hulle, hulle vensters wil laat (5.1.11) (was). Dit is wonderlik hoe hierdie twee (5.1.12) suster se dienste uitgebrei het.

Lisa en Anathi se (5.1.13) (boodskap) is: Wees doelgerig! Lewer altyd die (5.1.14) (goed) diens moontlik.



5.1.1 Verbeter die SPELLING van die woord tussen hakies.

Vir twee susters van (kaapstad) was die lewe nie maklik nie. (1)

5.1.2. Skryf die GETAL (18) as 'n woord. (1)

5.1.3. Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies.

('n/Die) Jaar gelede het hulle besluit om 'n besigheid te begin. (1)

5.1.4. Gee die ANTONIEM van die woord tussen hakies.

Anathi se aansoek om 'n beurs om vir haar studies te betaal, was (suksesvol). (1)

5.1.5. Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Hulle moes self vir hulle studies betaal en wou werk skep vir (werkloos) mense in hulle gemeenskap (1)

5.1.6. Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Toe die twee susters jonk was, moes hulle altyd die huis se vensters (skoon) maak. (1)

5.1.7. Skryf die gedeelte tussen hakies in die ONTKENNING.

...( hou daarvan om vensters te was.) (1)

5.1.8. Skryf die sin in die VERLEDE TYD.

Dan maak hulle 'n plan. (1)

5.1.9. Skryf die sin in die LYDENDE VORM.

Hulle lewer 'n skoonmaakdiens. (1)

5.1.10. Skryf die sin oor en skryf die gedeelte tussen hakies in die INFINITIEF.

Aan die begin het hulle van huis tot huis geloop (hulle diens adverteer). (1)

5.1.11. Gebruik die HOMONIEM van "was" in 'n sin sodat die betekenis duidelik is

Nou kontak mense die susters wanneer hulle hulle vensters wil laat (was). (1)

5.1.12. Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Dit is wonderlik hoe die twee (suster) se dienste uitgebrei het. (1)

5.1.13. Verdeel die woord tussen hakies in LETTERGREPE.

Lisa en Anathi se (boodskap) is: Wees doelgerig. (1)


5.1.14. Gee die korrekte OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.

Lewer altyd die (goed) diens moontlik. (1)
**(14)**

5.2. Prent.

Bestudeer die prent (TEKS G) en beantwoord die vrae

**TEKS G**




[Verwerk uit VectorStock.com]

5.2.1. Vul die korrekte VOORSETSEL in.

Marie praat ... Erna. (1)

5.2.2. STEL DIE VRAAG SODAT die onderstreepte gedeelte die antwoord vorm.

Dawie drink Energade. (1)

5.2.3. Gee die KORREKTE Afrikaanse woord vir die woord tussen hakies.

Rika het ‘n (bottle) in haar hand. (1)

5.2.4. Skryf die sin hieronder oor en verbeter die WOORDORDE.

Die vyf vriende (baie hard) (elke dag) (oefen) in die gimnasium. (1)

5.2.5. Gee die VERKLEINWOORD vir die woord tussen hakies.

Daar is ‘n klein (boom) buite die gimnasium. (1)

5.2.6. Vul die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORD in die oop spasie in.

Dawie het met _________ fiets na die gimnasium gery. (1)

**(6)**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**